

PRONK SOOS 'N POU

Versamelstuk

BENODIGDHEDE: Ongeveer 450 g écru DMC Cébélia Nr. 10; hekelpen van 1,25 mm; koop raam en swart satyn vir agtergrond nadat hekelwerk voltooi is.

MATE: Ongeveer 43 x 50 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal.

Spasie: 1lb om te begin; * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; * 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Begin met 210ks, draai en plaas 1e lb in 8e ks vanaf hekelpen.

Raadpleeg nou diagram en begin by lyn A-A.

Draai altyd met 5 ks. Voltooi werk volgens diagram; 'n rondte kb kan rondom gehekel word om rande te verstewig. Knip gare af en werk netjies af. ●

SLEUTEL TOT DIAGRAM

- ☐ – spasie
☒ – blokkie

